Navorsingsbevinding MN-122 1986

# Die toordokter as personeelkonsultant: 'n Gevallestudie

D. Herbst
P.D.S. Britz



001.3072068 HSRC

RGN · HSRC

BIBLIOTEEK
LIBRARY
RGN
RAAD VIR
GEESTESWETENSKAPLIKE
NAVORSING
HSRC
HUMAN
SCIENCES RESEARCH
COUNCIL
RGN·HSRC

070316

SENTRUM VIR BIBLIOTEEK- EN INLIGTINGSDIENSTE

CENTRE FOR LIBRARY AND INFORMATION SERVICES

RGN·HSRC

Die toordokte
personeelkon
'n Gevallestu(

VERVALDATUM/DATE DUE

1988 -01- 12

1988 -04- 20

1988 -09- 08

22 DEC 1988

10 NOV 1991

6/10/93

TERUG

1179*1085

0001343102

2844363866

001.3072068 HSRC MN 122

*134310*

Navorsingsbevinding MN-122

# Die toordokter as personeelkonsultant: 'n Gevallestudie

D. Herbst
P.D.S. Britz

Pretoria
Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing
1986

RGN BIBLIOTEEK LIBRARY HSRC

1987 -01- 26

STANDKODE
001.3072068
HSRC MN 122

REGISTERNOMMER
070316

BESTELNOMMER
R/0

D. Herbst, M.A.
P.D.S. Britz, B.A. (Hons.)

Instituut vir Mannekragnavorsing
Uitvoerende Direkteur: Dr. S.S. Terblanche

ISBN 0 7969 0407 3

© Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing, 1986
Gedruk en uitgegee deur die RGN

INHOUD


| | | BLADSY |
|---|---|---|
| | ABSTRACT/SAMEVATTING | v |
| 1 | INLEIDING | 1 |
| 2 | DIE TOORDOKTER IN TRADISIONELE PERSPEKTIEF | 2 |
| 3 | GEVALLESTUDIE | 5 |
| 3.1 | Inleiding | 5 |
| 3.2 | Probleme by saagmeule | 5 |
| 3.3 | Optrede van die saagmeule-eienaar | 7 |
| 3.4 | Konsultasie met toordokter | 7 |
| 3.5 | Gebeure na konsultasie | 10 |
| 3.6 | Die skuldiges | 12 |
| 3.7 | Samevatting van konsultasie | 14 |
| 3.8 | Nabetragting | 14 |
| 4 | GEVOLGTREKKINGS | 15 |
| | BRONNELYS | 17 |

ABSTRACT

This case study describes the role of a witch doctor in solving labour problems at a saw mill. The introduction of the report contains a short overview of the function of the witch doctor in traditional Black society.

SAMEVATTING

Hierdie gevallestudie beskryf die rol van 'n toordokter in die oplossing van arbeidsprobleme by 'n saagmeule. Die inleiding van die verslag bevat 'n kort oorsig oor die funksie van die toordokter in die tradisionele Swart samelewing.

# 1 INLEIDING

Die bestuurder van enige onderneming het die taak om die verskillende produksiemiddele (grondstowwe, kapitaal, masjinerie en werkers) saam te snoer en effektief in die produksieproses te gebruik. Ten spyte van al die tegnologiese ontwikkelinge en selfs outomatisasie neem die werker nog steeds 'n sentrale plek in die produksieproses in en is die winsgewendheid van die onderneming, veral in die arbeidsintensiewe bedrywe, afhanklik van die mensfaktor.

Baie tyd en geld word bestee aan die aanpassing van die werker by die werksomgewing. Die personeelfunksie is goed gevestig in die meeste organisasies en aandag word gegee aan die keuring, plasing en opleiding van personeel. Besture van organisasies maak ook al meer gebruik van personeelkonsultante wat hulle moet bystaan in hul pogings om die beskikbare personeel so doeltreffend moontlik te benut.

In die RSA bring die ontmoeting van verskillende kulture in 'n nywerheidsomgewing mee dat die bestuur in die hantering van personeel en personeelprobleme soms genoodsaak word om aan die kultuurverskille aandag te gee. Hierdie studie is 'n voorbeeld van so 'n geval. Dit is onwaarskynlik dat enige ander optrede van die bestuur van die spesifieke onderneming dieselfde mate van sukses sou hê.

Wanneer op verskille gewys word, word nie geïmpliseer dat daar nie ook vele ooreenkomste is nie tussen werkers van alle kulture wat hulle in 'n nywerheidsomgewing bevind. In die spesifieke geval is dit noodsaaklik dat besef sal word dat die verhouding tussen bestuur en werkers goed was. Die werkerkomitee het soveel vertroue in die bestuur gehad dat hulle die vrymoedigheid gehad het om 'n ongewone prosedure by die bestuur aan te beveel.

Die doel met die studie is om werkgewers wat op relatief tradisioneel georiënteerde arbeidsmagte moet staatmaak, bewus te maak van 'n belangrike faset van die leefwêreld van die Swartes, naamlik die rol wat die toordokter in hul kultuur speel. Soos uit die studie blyk, het die inisiatief vir die gebruik van die toordokter gekom van die kant van die werkerkomitee en nie van die bestuur nie.

Voordat die konsultasie tussen die organisasie en die toordokter in besonderhede bespreek word, is dit nodig dat die rol van die toordokter in die tradisionele Swart kultuur kortliks verduidelik word.

## 2 DIE TOORDOKTER IN TRADISIONELE PERSPEKTIEF

Vir die verwesterste mens is die geïndustrialiseerde werksomgewing met die eise wat aan hom gestel word 'n aanvaarde leefwyse, maar vir die Swartman wat nog tradisioneel gebonde is, verg hierdie omgewing 'n drastiese aanpassing. Hy maak nie net kontak met moderne tegnologie nie, maar hy moet ook die nuwe lewenswyse interpreteer en daarby aanpas. Die rol wat kulturele verbondenheid speel kan dus nie geïgnoreer word nie.

Die toordokter is grootliks verantwoordelik vir die instandhouding en oordra van die kultuur by die Swart volke. Hy is daar om leed te versag en om te beskerm teen toordery. Hy is terselfdertyd priester, waarsêer, mediese dokter, apteker, sielkundige, regter, weerprofeet, die bewaarder van morele waardes en hy beheer die boosdoeners.

'n Kenmerkende eienskap van die Afrika-kultuur is 'n ordelike hiërargie. Die sosiale stelsel, ekonomiese bedrywighede, politieke stelsel, regstelsel, ensovoorts, funksioneer en is gebaseer op hierdie hiërargiese stelsel. Daar is ook orde in die heelal wat in stand gehou word deur misterieuse kragte. Hierdie orde verseker geluk en voorspoed. Sodra die orde versteur word en daar 'n wanbalans ontstaan, sal die ongeluk intree. Die Swartman se lewe word dus beheer deur die inwerking van bonatuurlike kragte. Hy het nie beheer oor die kragte nie, maar tog het hy die taak om harmonie in hierdie kragspel te probeer handhaaf. Hierdie misterieuse krag word slegs geopenbaar aan die geeste (bv. voorvaders) en aan sekere begaafde mense (toordokters, stamkaptein, ens.). Die verhouding met die voorvaders is dus belangrik omdat hulle as skakel dien tussen die lewendes en die bonatuurlike. Voor- en teenspoed is die gevolg van 'n goeie of swak verhouding met die voorvaders. Dit noodsaak die handhawing van gereelde kontak met die voorvaders.

Omdat die Swartman onderworpe is aan die bonatuurlike magte sal die oorsaak van dinge wat met hom gebeur altyd van buite homself kom. Dis iemand anders wat die oorsaak van sy siekte of teenspoed is, en dis vir hom belangrik om te weet wie die siekte oor hom gestuur het en waarom.

Toordery en toorkrag (abathakati) is vir die Swartman 'n werklikheid. Indien die voorvaders om een of ander rede nie tevrede is met die optrede van die lewendes nie, sal hulle hul beskerming onttrek en die mense so blootstel aan toordery.

Soos reeds genoem, is daar sekere begunstigde mense in die gemeenskap wat die gawe ontvang om direk met die geesteswêreld in verbinding te tree. Dit is die voorvaders wat hierdie persoon "oproep" tot die amp van toordokter en die kandidaat het nie eintlik 'n ander keuse as om daaraan gehoor te gee nie. Hy ondergaan opleiding wat 'n paar jaar kan duur by 'n ander toordokter waarna hy sy eie praktyk kan begin.

Naas die toordokter is daar ook ander persone wat goedwillige toorkuns beoefen. Hulle is waarsêers, sieners, mediums en kruiedokters. Daar is nie eintlik 'n groot verskil tussen die waarsêer, siener en toordokter nie, en vir die doel van hierdie verslag sal daar nie op die verskil ingegaan word nie. Die mediums word deur die toordokter gebruik om hom die toekoms te help voorspel en die kruiedokter is 'n persoon wat 'n uitgebreide kennis van inheemse plante en hul genesende waarde het. Hy vervaardig medisyne uit plante wat aangewend kan word vir besondere siektes.

Volgens die kosmologie van die Swartman is daar twee belangrike aspekte, naamlik die invloed van bonatuurlike kragte op sy lewe, en die stryd tussen goed en kwaad en sy verpligting om die balans te probeer handhaaf.

Die kwaadwillige toorkuns word aangewend deur die toornaar en vroulike hekse*. As verteenwoordiger van die kwade is die heks se aktiwiteite demoraliserend - sy pleeg bloedskande, eet mensvleis, loop naak rond en beïnvloed familie- en vriendskapsbande. Sy bewerkstellig haat, jaloesie, nydigheid en wedywering tussen die mense in 'n hegte gemeenskap.

Wanneer daar 'n dispuut ontstaan tussen bure of familielede sal die een die ander wil straf met toorkrag. Dit gebeur ook dat party mense ander laat toor vir eie finansiële gewin, of om wraak te neem vir een of ander verkeerde daad wat teenoor hulle gepleeg is. Teëspoed word verklaar aan die hand van kwaadwillige toordery, en dit is dan die toordokter wat die persoon agter die toordery moet uitwys sodat hy/sy gestraf kan word. Die toordokter moet ook as beskermer optree teen moontlike toordery en gewoonlik is dit dan 'n geval van wie se medisyne die sterkste is.

Die toordokter ken die kultuur, agtergrond en sosiaal-religieuse omgewing waarin die Swartman leef. Deur hom tree die Swartman in verbinding met die bonatuurlike mag. Indien daar 'n wanbalans ontstaan, hetsy as gevolg van ontevrede voorvaders of kwaadwillige toordery, is hy die enigste hulpmiddel om die balans weer te help herstel. Die toordokter is 'n gerespekteerde persoonlikheid in die gemeenskap.

Daar kom onder toordokters ook "kwaksalwers" voor. Die kliënt verwag dat die toordokter sy vinger op die probleem sal plaas sonder dat iemand hom daaroor inlig en daarom is dit 'n redelik algemene gebruik dat 'n persoon wat 'n toordokter wil raadpleeg na een sal gaan wat hom/haar nie ken nie en wat verkieslik in 'n ander gebied bly.

---

*Geloof in hekse kom universeel voor. Nie net in die volksverhale (Folklore) van Europa word vertel van hekse nie, maar mense is ook deur die wet tereggegestel en doodgemaak as gevolg van heksery. Broster (1982 : 57) beweer dat daar gedurende 1633 tot 1661 tussen twee- en drieduisend "hekse" in Engeland verbrand is.

Die verhouding met die voorvaders, die vrees vir toordery, die geloof dat dinge met hom gebeur en dat hy onderworpe is aan 'n magspel is alles deel van die tradisionele Swartman se lewens- en wêreldbeskouing. Neem die Westerling slegs dit in ag, sal daar reeds beter begrip wees vir die raamwerk waarbinne die Swartman funksioneer.

Dit is nie slegs in afgeleë landelike gebiede waar geloof in die vaardighede van die toordokter bestaan nie. Volgens De Beer (1979) het ongeveer een uit elke ses Swart manlike respondente woonagtig in stedelike gebiede 'n toordokter besoek in ie twaalf maande wat sy ondersoek voorafgegaan het.

## 3 GEVALLESTUDIE

### 3.1 INLEIDING

Tydens veldwerk ter voltooiing van die verslag "Tegniese skeppinge van die Swazi in KaNgwane" gedurende 1984 is kennis geneem van 'n besoek wat 'n saagmeule-eienaar en sy werknemers aan 'n toordokter gebring het. Die toordokter is woonagtig te Mbuzini wat geleë is in die suidoostelike hoek van KaNgwane, terwyl die saagmeule in die Witrivieromgewing geleë is. Die eienaar van die saagmeule het op aanbeveling van sy werkerkomitee besluit om 'n toordokter te raadpleeg ten einde probleme wat in die saagmeule ondervind is op te los.

Die konsultasie wat 'n tydperk van twee dae in beslag geneem het, is noukeurig waargeneem.

### 3.2 PROBLEME BY SAAGMEULE

Die volgende probleme is by die saagmeule ondervind:

(a) <u>Nywerheidsongelukke</u>

Uit 'n arbeidsmag van honderd-en-vyftig werknemers moes sewe-en-twintig ernstige gevalle doktersbehandeling ontvang na ongelukke in die voorafgaande jaar by die saagmeule.

(b) Afwesigheid van werk

'n Groot persentasie werkers was afwesig as gevolg van siekte.

(c) Hoë personeelomset

Werwing van werkers moes deurentyd plaasvind as gevolg van 'n hoë personeelomset by die saagmeule. Hierdie was hoofsaaklik ongeskoolde werkers wat hande-arbeid moes verrig. Omdat getroude werkers met gesinne, wat 'n stabieler arbeidsmag sou uitmaak, nie bereid was om in die woonkwartiere te bly nie, kon jong enkellopende werkers gewerf word wat vir 'n kort tydperk in diens van die saagmeule gebly het.

(d) Onnatuurlike sterfgevalle

Twee gevalle is aangemeld waar suigelinge in die twee maande wat die konsultasie voorafgegaan het, gesterf het by die woonkwartiere van die saagmeule.

(e) Defektiewe fabrieksmasjinerie

Masjinerie soos kruiptrekkers en elektriese sae het op "onverklaarbare" wyse onklaar geraak. Hierdie defektiewe masjinerie het die effektiwiteit en produktiwiteit by die saagmeule direk beïnvloed. Die breek van masjinerie het ook in sommige gevalle gelei tot fabrieksongelukke waar werkers beseer is.

(f) Voertuie

Vragmotors wat materiaal en werkers vervoer, het onklaar geraak en die lewens van werknemers in gevaar gestel.

Bogenoemde probleme wat by die saagmeule ervaar is, het veroorsaak dat die saagmeule nie as 'n winsgewende onderneming kon funksioneer nie. Personeel- asook bedryfsprobleme het die produktiwiteit, stabiliteit en effektiwiteit van die saagmeule direk beïnvloed.

## 3.3 OPTREDE VAN DIE SAAGMEULE-EIENAAR

Die probleme wat by die saagmeule ervaar is, is deur die eienaar met die werkerkomitee bespreek. Die werkerkomitee was dus deeglik ingelig oor die omvang van die probleem. Ná die sterftes van die suigelinge in die woonkwartiere het die situasie 'n keerpunt bereik vir die werkers. Die werkerkomitee het na aanleiding van die gebeure die eienaar ingelig van hulle voorneme om 'n toordokter se hulp in te roep.

Die eienaar van die saagmeule het hierdie drastiese stap as 'n laaste uitweg aanvaar en daar is voortgegaan met reëlings om die dienste van 'n toordokter te verkry. Die werkerkomitee het die eienaar versoek om self 'n toordokter te identifiseer sonder dat hulle in kennis gestel word van die spesifieke toordokter. Dit is ook aan hom gestel dat hy nie 'n toordokter in die direkte omgewing van die saagmeule moes nader nie, omdat so 'n persoon bekend kon wees onder personeel wat hom moontlik voorheen besoek het. Die eienaar het vervolgens van die stamkapteins in die omliggende gebied besoek en navraag gedoen oor 'n toepaslike en bekwame toordokter wat die dienste sou kon lewer. Op aanbeveling van 'n stamkaptein is 'n toordokter woonagtig in die Mbuzini-gebied genader. Mbuzini is ongeveer 250 kilometer van die saagmeule geleë. Die eienaar het telefonies met die toordokter in verbinding getree en kortliks die behoefte aan hom geskets. Daar is ooreengekom op 'n bedrag van eenduisend rand vir die konsultasie.

Terugvoering is aan werkers gegee oor die omvang van die koste vir hierdie konsultasie, maar die naam van die toordokter is in geen stadium bekend gemaak nie. Die werkers het onderneem om die kostes self te dra deur persoonlike bydraes. Die totale bedrag is vooraf deur die werkerkomitee ingesamel. Die eienaar het hierna 'n datum vir die konsultasie met die toordokter gefinaliseer.

## 3.4 KONSULTASIE MET DIE TOORDOKTER

Op die vasgestelde dag vir die besoek aan die toordokter te Mbuzini is 175 mense met twee vragmotors daarheen vervoer. Dit het 164 volwassenes en 11 kinders ingesluit. Nie alleen die werkers in die saagmeule

nie, maar ook ander inwoners van die woonkwartiere soos vroue, beeswagters en tuiniers werksaam op die saagmeule-eienaar se plaas het die reis meegemaak.

Die werkers het om 17h00 gearriveer by die toordokter se praktyk te Mbuzini. Ná hulle aankoms is hulle direk na 'n wildevyeboom (Ficus Natalensis) geneem, waar alle persoonlike items van die werkers deur leerlinge van die toordokter verwyder is. Messe en 'n verskeidenheid ander artikels is verwyder en in 'n hut geplaas. Die mense moes hierna óm die boom gaan sit in 'n halwe sirkel volgens 'n bepaalde hiërargie (kyk foto 1). In die eerste ry van die halwe sirkel het die voormanne, senior operateurs, drywers en ou manne stelling ingeneem.

In die tweede ry het middeljarige mans en ou vroue stelling ingeneem. Die derde ry is opgeneem deur jong getroude mans en vroue terwyl die vierde en laaste ry bestaan het uit ongetroude jong mans en kinders (kyk skets 1). Nadat die mense op hierdie wyse stelling ingeneem het, het die toordokter gearriveer. Hy het met die mense gepraat in die teenwoordigheid van die saagmeule-eienaar en het aan hulle verduidelik dat hy hulle probleme gaan oplos. Die aanwesiges het hierna met groot oorgawe verskillende prysliedere begin sing wat gerig was aan die saagmeule-eienaar en die toordokter.


Teen 19h00 is die mense verdeel in groepe van tussen twintig en dertig mense elk en is hulle na verskillende hutte vergesel deur leerling-toordokters. Die toordokter het in hierdie stadium die saagmeule-eienaar meegedeel dat sy teenwoordigheid nie meer verlang word nie en dat hy die volgende dag om 15h00 weer kon terugkeer.

Die leerling-toordokters het hierna die verskillende groepe onderwerp aan 'n eentonige reëlmaat van vrae met sang tussen-in. Deurentyd is daar op dromme geslaan. Hierdie proses het tot 12h00 die volgende dag aangehou.

Vanaf 12h00 tot 15h00 het die verskillende leerling-toordokters tesame met die toordokter besprekings gevoer waartydens observasies van die nag se gebeure deeglik bespreek is. Die toordokter het uit hierdie bespreking en sy persoonlike observasies gedurende die nag sekere indrukke verkry en afleidings gemaak.

SKETS 1

PLASING VAN WERKERS RONDOM BOOM




1 Algemene voorman

2 Saagmeule-voorman

3 Senior manlike werkers

4 Drywers

5 Senior manlike operateurs

6 Bejaarde manlike werkers

7 Bejaarde vroulike werkers

8 Middeljarige manlike werkers

9 Jong getroude manlike werkers

10 Getroude vroulike werkers

11 Ongetroude jong manlike werkers en kinders

Die saagmeule-eienaar het net ná 15h00 gearriveer en die mense het weer, soos die vorige dag posisie rondom die vyeboom ingeneem. Die mense was opmerklik fisies en geestelik uitgeput en daar was 'n mate van vrees te bespeur by die groep.

Om 16h00 het die toordokter en sy leerling-toordokters van die woonhutte na die vyeboom beweeg. Dié groep het liedere gesing terwyl die mense angsvol die prosessie dopgehou het. Die toordokter self was geklee in tradisionele uitrusting. Sy gesig was wit gesmeer met klei en hy het 'n klompie danspassies uitgevoer terwyl hy verskillende

uitroepe teenoor sy voorvadergeeste gemaak het. Die impak wat hy op die aanwesiges gehad het terwyl hy die ritueel uitgevoer het, was duidelik te bespeur aan die onverdeelde aandag wat hy ontvang het. Tydens hierdie ritueel het hy tussen die sittendes begin beweeg en onverwags 'n persoon aan sy voete gegryp en hom na die stam van die vyeboom gesleep. Die mense het in doodse stilte hierdie optrede waargeneem. 'n Verdere drie persone is op hierdie wyse uit die groep gesleep na die stam van die vyeboom. Nadat die persone uit die groep gehaal is, het die mense die toordokter toegejuig en is daar met oorgawe begin sing aan verskillende prysliedere.

Die toordokter het hierna die mense (drie mans en een vrou) wat hy uitgesleep het langs mekaar laat lê op hulle rûe en begin om hul klere te verwyder. Nadat hul kledingstukke verwyder is, is dit in die boom opgehang (kyk foto 2). Die toordokter het aan die persone gevra of alle artikels van hulle verwyder is, waarop hulle positief geantwoord het. Hy het egter na die vrou geloop en 'n botteltjie wat met kruie gevul was uit haar hare verwyder. Die groep het hierdie optrede van hom met toejuiging goedgekeur.

Die uitgewysdes is hierná met 'n teeragtige mengsel gesmeer, water is op hulle gegooi en grond deur die toordokter op hulle geskop terwyl hy in 'n kring rondom hulle gedans het. Hy het die groep meegedeel dat hierdie persone die oorsaak van hul probleme by die saagmeule was. Sy optrede is weer eens deur die groep met toejuiging beantwoord. Die bedrag vir die konsultasie is deur die saagmeule-eienaar aan die toordokter betaal waarna die mense vertrek het.

## 3.5 GEBEURE Ná KONSULTASIE

Daar is aan die geïdentifiseerde persone 'n keuse gegee deur die toordokter. Hulle kon agterbly by sy praktyk en behandeling ontvang óf saam met die groep vertrek. Die persone het egter verkies om saam met die groep terug te keer na Witrivier.

Die eienaar het met hulle aankoms by die saagmeule gevra na die beskuldigdes. Hy is meegedeel dat hulle op pad terug van die voertuie ver-

RAAD VIR GEESTESWETENSKAPLIKE NAVORSING
HUMAN SCIENCES RESEARCH COUNCIL

FOTO 1

AANKOMS VAN WERKERS BY TOORDOKTER



FOTO 2

PERSONE WAT DEUR TOORDOKTER GEÏDENTIFISEER IS





070316

wyder is. Hy het dadelik teruggegaan op die roete en het die persone gevind en opgelaai. By sy terugkeer by die saagmeule is hy meegedeel dat hierdie persone nie verder as die ingang van die plaas mag kom nie. Familielede van die persone moes hulle besittings na die ingang neem en hulle is nie weer toegelaat om die perseel te betree nie.

Die volgende dag is die persone se gesinne gevra om die woonkwartiere te verlaat. Hulle moes noodgedwonge die dienste van die saagmeule verlaat. Hul wonings en persoonlike besittings wat nie deur die beskuldigdes en hul families verwyder is nie, is hierná verbrand.

## 3.6 DIE SKULDIGDES

Die persone wat deur die toordokter aangewys is as dié wat die probleme in die saagmeule veroorsaak het, was vir die eienaar 'n groot skok. Twee van die persone was van sy senior personeel en hy het dit moeilik verwerk. Hierdie persone was sy algemene voorman, die saagmeule se voorman, sy tuinier en die algemene voorman se houvrou se ma. Hierdie vier persone is deur die toordokter uitgewys as towenaars wat die werkers van die saagmeule met hul optrede 'getoor' het. Al vier die beskuldigdes het aan die saagmeule-eienaar erken dat hulle aan sekere bedrywighede deelgeneem het.

Die algemene voorman het die situasie breedvoerig aan die saagmeule-eienaar verduidelik. Hierdie voorman was getroud met sy eerste vrou tot ongeveer 'n jaar voordat hierdie voorval plaasgevind het. Sy vrou is oorlede en hy het in die huwelik getree met 'n tweede vrou. Dié vrou was woonagtig in die nasionale staat met die gevolg dat hy haar nie gereeld gesien het nie. Hy het geldelike bystand verleen aan haar sowel as aan sy kinders uit die eerste huwelik. Ongeveer 18 maande voor die besoek aan die toordokter het daar 'n verhouding ontstaan tussen hom en een van die vroulike werkers by die saagmeule. Hulle het toe ook in die huwelik getree. Hierdie vrou se moeder het kort nadat die verhouding tot stand gekom het uit Mosambiek by hulle aangesluit.

Sy het druk op die voorman begin toepas om sy vrou in die nasionale staat te verwerp en haar dogter as hoofvrou te beskou. In hierdie

oorredingsproses het sy van haar kennis van kruiemedisyne en magiese kragte waaroor sy volgens die voorman beskik het, begin toepas op hom. Sekere opdragte is aan hom gegee in die manipulerende rol wat sy gespeel het. Opdragte soos die sabotasie van fabrieksmasjinerie en voertuie is gegee en hy moes dit uitvoer ten einde haar guns te behou. Beserings het gevolg na aanleiding van hierdie sabotasie deur die algemene voorman.

In die proses het die voorman by die saagmeule ook betrokke geraak en deelgeneem aan die aktiwiteite. Mense is ook onwetend vergiftig met die kragmedisyne van die vrou en hulle het weer by die tuinier aangeklop om hulp vir probleme wat hulle ondervind het. Die tuinier was 'n bekende kruiedokter en het van die geleentheid gebruik gemaak om mense van die saagmeule gesond te maak teen 'n sekere vergoeding. Die hoë personeelomset is veroorsaak deur die aktiwiteite van hierdie mense en die vrese wat by werkers begin ontwikkel het om daar te werk.

Die eienaar van die saagmeule het in die proses waar hy hierdie probleme moes oplos meer begin staatmaak op sy algemene voorman en die voorman by die saagmeule. Die optrede van die voormanne het dus hul posisie versterk by die saagmeule. Deur nuwe werknemers te terroriseer op 'n indirekte wyse het hulle ook enige bedreiging afgeweer wat hulle eie posisies in gedrang sou bring.

Die skoonma van die algemene voorman het met hierdie manipulasie op 'n indirekte wyse die saagmeule beheer. Haar oogmerk was dus nie net die manipulasie van haar skoonseun nie, maar ook die indirekte beheer oor die saagmeule. Deur die werkers van die saagmeule op hierdie indirekte wyse te manipuleer het sy die doeltreffendheid van die saagmeule in 'n groot mate belemmer. Die werkers by die saagmeule was onbewus van die rol wat die vrou en die twee voormanne gespeel het. Die verteenwoordiging van die voormanne in die werkerkomitee het haar ook die geleentheid gebied om eerstehandse kennis in te win van die modus operandi van die eienaar om die probleme te oorbrug. 'n Keerpunt is egter bereik toe twee suigelinge op 'n onverklaarbare wyse oorlede is in die woonkwartiere van die saagmeule. Die rol wat die vrou in hierdie sterftes gespeel het, is nie duidelik nie. Dit het egter die werkers van die

saagmeule geaktiveer om die hulp van die toordokter in te roep. Die twee voormanne kon nie die werkerskomitee se besluit teëgaan nie uit vrees dat dit hul aandadigheid sou ontbloot.

## 3.7 SAMEVATTING VAN KONSULTASIE

Dit is duidelik dat die toordokter wel sekere boosdoeners by die saagmeule korrek geïdentifiseer het. Die eienaar het ná die verduideliking van die beskuldiges 'n duidelike beeld verkry van die redes vir die verskeidenheid gebeure by die saagmeule. Op grond van die identifisering van die beskuldigdes en die druk wat hy ervaar het van die ander werkers moes hy 'n keuse maak. Die algemene voorman het saam met die eienaar die saagmeule begin en hul verbintenis het oor jare gestrek. Die tuinier wat alreeds bejaard was in daardie stadium was ook jare lank in diens van die eienaar. Hy moes egter hierdie moeilike besluit neem en het, nadat hy alle opsies in heroorweging geneem het, hierdie werkers afgedank.

## 3.8 NABETRAGTING

Die eienaar van die saagmeule is in Julie 1986 besoek en die gebeure en die gevolge van die besoek aan die toordokter is deeglik bespreek. Die eienaar van die saagmeule het die verandering wat ingetree het by die saagmeule ná die besoek aan die toordokter as positief en omvangryk beskryf. Daar was in die tydperk ná die afdanking van sy senior personeel 'n leemte wat gevul moes word, maar hy was verbaas oor die kwaliteit van personeel wat na die gebeure na vore gekom het. Uit sy bestaande personeel kon hy die senior poste vul. Daar het op die volgende gebiede 'n definitiewe verandering ingetree.

### 3.8.1 Werknemers

(a) Goed opgeleide operateurs kon gewerf word en behou word by die saagmeule.

(b) Werkers en hulle families het die woonkwartiere betrek.

(c) 'n Stabiele arbeidsmag het tot stand gekom.

(d) Vermoëns van personeel het na vore gekom en is ten volle benut.

(e) Siekteverlof-frekwensie was laer.

3.8.2 Saagmeule

(a) Die breek van fabrieksmasjinerie het drasties afgeneem.

(b) Voertuigongelukke het verminder.

(c) Ernstige ongevalle van werkers het verminder. Gedurende die eerste nege maande ná die besoek aan die toordokter het geen ernstige ongevalle onder die werkers voorgekom nie.

(d) Die saagmeule het winsgewend begin funksioneer en na twee jaar is 'n tweede saagmeule geopen.

3.8.3 Gemeenskap

(a) Die gemeenskap woonagtig by die saagmeule het direk betrokke geraak by die saagmeule waardeur die kwaliteit van lewe verbeter is.

(b) Die gemeenskap van die omgewing het beter gesosialiseer met die werkers van die saagmeule.

(c) Die eienaar van die saagmeule is erken as 'n bestuurder wat die probleme van die werker op die hart dra en begrip het vir die lewensomstandighede van die Swart werker wat hy openbaar het deur die fabriek te sluit vir twee dae vir die besoek aan die toordokter.

4 GEVOLGTREKKINGS

Uit die gevallestudie is dit duidelik dat die kulturele omgewing van die werker nie geskei kan word van die werksomgewing waarbinne hy homself bevind nie. Indien bestuur begrip openbaar vir die kulturele gebondenheid van die werker kan dit meehelp tot beter arbeidsverhoudings.

Die toordokter is in die geval effektief deur bestuur aangewend om 'n sekere probleemsituasie te oorbrug. Sy kennis van die kultuur en spesiale kontak met die gemeenskap onderskei hom as 'n moontlike konsultant of arbiter. Dit moet egter weer eens onderstreep word dat die inisiatief van die werkerkomitee, en nie bestuur nie, gekom het.

Gesien die belangrikheid daarvan om oplossings vir probleme op die arbeidsterrein te vind en aangesien die geval wat beskryf is in die gebied nie heeltemal geïsoleerd is nie, sal 'n verdere ondersoek op die terrein wenslik wees wat ook die sielkundige prosesse wat die toordokter benut, sal insluit.

BRONNELYS


1 BROSTER, Joan A. Amagqirha - Religion, Magic and Medicine in Transkei. Goodwood : Via Africa Ltd., 1982.

2 DE BEER, F.E. Meerdoelige opname onder Swartes in stedelike gebiede, 1978 - besoeke aan toordokters. Pretoria: Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing, 1979.

3 HERBST, D. Tegniese skeppinge van die Swazi in KaNgwane. Pretoria: Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing, 1985.

## RGN-PUBLIKASIELYS

'n Volledige lys van RGN-publikasies of 'n lys van publikasies van 'n besondere Instituut van die RGN kan van die Hoof: Tegniese Dienste verkry word.

Doc. no. 133427
Copy no 134310

RGN [illegible] | HSRC LIBRARY

# RAAD VIR GEESTESWETENSKAPLIKE NAVORSING
# HUMAN SCIENCES RESEARCH COUNCIL

| | | |
|---|---|---|
| President | Dr. J.G. Garbers | President |
| Adjunk-presidente | Dr. H.C. Marais, Dr. J.D. Venter | Deputy Presidents |
| Vise-presidente | Dr. K.F. Mauer, Prof. D.J. Stoker | Vice-Presidents |
| Uitvoerende Direkteur: Administrasie | J.G.G. Gräbe | Executive Director: Administration |
| Skakelhoof | Dr. M.J. Bekker | Chief PRO |

### Funksies van die RGN

Die RGN onderneem, bevorder, ondersteun en koördineer navorsing op die gebied van die geesteswetenskappe, bepaal navorsingsprioriteite, versprei die resultate van geesteswetenskaplike navorsing, vergemaklik en evalueer die implementering van die resultate van navorsing, stimuleer die opleiding van navorsers, stel die volle spektrum van dissiplines in die geesteswetenskappe ten diens van die inwoners van die RSA en bevorder die wetenskap in die breë.

## Institute

Instituut vir Geskiedenisnavorsing (IGN)

Instituut vir Kommunikasienavorsing (IKOMM)

Instituut vir Mannekragnavorsing (IMAN)

Instituut vir Navorsingsontwikkeling (INO)

Instituut vir Opvoedkundige Navorsing (ION)

Nasionale Instituut vir Personeelnavorsing (NIPN)

Instituut vir Psigologiese en Edumetriese Navorsing (IPEN)

Instituut vir Sosiologiese en Demografiese Navorsing (ISODEM)

Instituut vir Statistiese Navorsing (ISN)

Instituut vir Taal- en Kunstenavorsing (INTAK)

Buro vir Ondersteunende Navorsingsdienste (BOND)

Administrasie

### Hoofkantoor

Privaatsak X41, Pretoria 0001
Republiek van Suid-Afrika
Telegramme RAGEN
Tel. (012) 28-3944
Teleks 3-20893 SA

### NIPN

Posbus 32410, Braamfontein 2017
Republiek van Suid-Afrika
Telegramme NAVORSPERS
Tel. (011) 339-4451
Teleks 4-25459 SA

### Streekkantore

Wes-Kaap, Privaatsak X5, Roggebaai 8012
Tel. (021) 419-2572/3/4/5 Teleks 5-22260 SA

Natal, Posbus 508, Durban 4000
Tel. (031) 31-6926 Teleks 6-28567 SA

NIPN Natal, Posbus 17001, Congella 4013
Tel. (031) 815851 Teleks 6-22431 SA

NIPN Oos-Kaap, Posbus 1124, Port Elizabeth 6000
Tel. (041) 53-2131 Teleks 2-43203 SA

### Functions of the HSRC

The HSRC undertakes, promotes, supports and co-ordinates research in the field of the human sciences. It also determines research priorities, disseminates the findings of human sciences research, facilitates and evaluates the implementation of research findings, stimulates the training of researchers, places the full spectrum of human sciences disciplines at the service of the inhabitants of the RSA and promotes science in general.

## Institutes

Institute for Communication Research (ICOMM)

Institute for Educational Research (IER)

Institute for Historical Research (IHR)

Institute for Manpower Research (IMAN)

National Institute for Personnel Research (NIPR)

Institute for Psychological and Edumetric Research (IPER)

Institute for Research Development (IRD)

Institute for Research into Language and the Arts (IRLA)

Institute for Sociological and Demographic Research (ISODEM)

Institute for Statistical Research (ISR)

Bureau for Research Support Services (BRSS)

Administration

### Head office

Private Bag X41, Pretoria 0001
Republic of South Africa
Telegrams RAGEN
Tel. (012) 28-3944
Telex 3-20893 SA

### NIPR

P.O. Box 32410, Braamfontein 2017
Republic of South Africa
Telegrams NAVORSPERS
Tel. (011) 339-4451
Telex 4-25459 SA

### Regional offices

Western Cape, Private Bag X5, Roggebaai 8012
Tel. (021) 419-2572/3/4/5 Telex 5-22260 SA

Natal, P.O. Box 508, Durban 4000
Tel. (031) 31-6926 Telex 6-28567 SA

NIPR Natal, P.O. Box 17001, Congella 4013
Tel. (031) 815851 Telex 6-22431 SA

NIPR Eastern Cape, P.O. Box 1124, Port Elizabeth 6000
Tel. (041) 53-2131 Telex 2-43203 SA